# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

## Projek 400 (EPR 400)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie |
| **Modulekrediete** | 64.00 |
| **Programme** | BIng Elektriese Ingenieurswese |
| | BIng Elektriese Ingenieurswese ENGAGE |
| | BIng Elektroniese Ingenieurswese |
| | BIng Elektroniese Ingenieurswese ENGAGE |
| **Voorvereistes** | EWE 320 of ELO 320, Slegs finaliste |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Elektriese, Elektroniese en Rekenaaringenieurswese |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Hierdie module bestaan uit die indiwiduele uitvoer van ’n ingenieursprojek vanaf konsep tot aflewering. Die student moet bewys lewer dat hy/sy ’n ingenieursprojek onafhanklik kan bemeester. Die module fokus op die formulering van ‘n ingenieursprobleem, die opstel van gepaste tegniese spesifikasies, projekbeplanning en bestuur, en dan die uitvoer van ’n tegniese projek van gegewe aard, omvang en moeilikheidsgraad. Die aard van die projek is sodanig dat dit of grotendeels ’n ontwerpprojek is (ontwerp, sintese, toets), met ’n kleiner komponent van ondersoek (eksperimentele werk en data-analise), of alternatiewelik grotendeels’n ondersoekende projek is, met ’n kleiner deel van ontwerp. As finale stap in die projek evalueer die student die finale uitkomste van die ontwerp of ondersoek aan die hand van spesifikasies, en evalueer hy/sy die impak van die projek (sosiaal, wetlik, veiligheid en omgewing). Mondelinge en skriftelike tegniese kommunikasie word beoordeel as belangrike  deel van die module.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.